**FRIESPERDTELERSGENOOTSKAP VAN SA**
**FRIESIAN HORSE BREEDERS SOCIETY OF SA**
**HENRY STRAAT 118**
**POSBUS / P O BOX 1060**
**BLOEMFONTEIN**
**9300**
**TEL: 051-4100954**
**FAKS/FAX: 0865731021**
**Epos: elna@stemma.co.za**

# Nuusbrief Maart 2018

In hierdie nuusbrief :

1. Inligtingdag te Pela Graca
2. Skoue
3. Skou reëls
4. Kalender
5. Bloemskou 2018
6. Nasionale Kampioenskappe 2018 Tulbagh
7. Vervoer van perde na Tulbagh
8. Brokkies



# Pela Graca Inligtingsdag




Die Genootskap het 9 en 10 Maart ’n twee-dae lange inligtingsessie by Pela Graca op Douglas aangebied. Daar was 33 belangstelendes wat geregistreer het. Verrigtinge het 14:00 Vrydagmiddag afgeskop. Le Roux Botha was eerste aan die woord met ’n kort om bespreking van ons Grondwet. Johnny Moore het daarna verduidelik hoe die nuwe reëlboekie in kolomformaat werk en ’n paar algemene skoureëls en etiket bespreek. Ons sekretaresse Elna Lotter het ’n opsomming gegee oor watter dokumentasie benodig word om geboortes aan te meld en oordragte van perde te doen. Herman Labuschagné het ons meer vertel van *Logix*, ’n aanlyn rekenaarprogram waarop ’n lid inteken en al sy perde se data tot sy of haar beskikking het. Met *Logi* kan lede hul eie geboortekennisgewings doen, deksertifikate uitreik, diere onmiddelik oordra na hul nuwe eienaars en diere kanselleer om maar net ’n paar van die funksies te noem. Pela Graca se veearts Dr. Priscilla Muradas Joseph het ’n interessante aanbieding gedoen oor die algehele bestuur van teelmerries.



Na 'n kort breek het die meer praktiese sessies begin, met Le Roux Botha wat rasstandaarde en konformasie op twee merries en twee hingste behandel het. Die laaste sessie vir die dag was Enkeltuig en Siertuig aangebied deur Sias Horn. Na afloop van die dag se gebeure het almal lekker saam gekuier en baie lekker geëet.





Saterdagoggend het die verrigtinge in die lesings lokaal weggetrek, en is tradisionele driegang en universele driegang se kleredrag behandel deur Johnny Moore en Dale Brits, waarna ons weer praktiese demonstrasies met perde in beide dissiplines gehad het. Martin Pienaar het ook baie bygedra tot die behandeling van die tradisionele driegang.






Na 'n lang bespreking van Driegang klasse, is die besprekings na Dubbeltuig en Tandem oorgeslaan. Die inspan, reëls en beoordeling van Dubbeltuig is deur Pieter Loubser behandel, waarna Dick Swanepoel dieselfde aspekte van Tandem behandel het. Johnny Moore se perde is vir beide gebruik en Le Roux Botha het die Tandem gedryf.





Ek wil vir Celeste en Schalk Steyen en hul hele span bedank, vir die hartlike ontvangs en gasvryheid oor die twee dae. Daar was ook nooit 'n tekort aan eet- of drinkgoed nie. Baie dankie vir al julle reëlings en hulp om van die geleentheid 'n sukses te maak en dat ons jul pragtige geriewe kon gebruik. Baie dankie.




## Skoue

Reeds vroeg in die jaar het die skoue afgeskop waaraan van ons lede deelgeneem het. Eerste was Bredasdorp, die mees suidelikste skou in Afrika aan die beurt en het die Overberg Trekperd Kampioenskappe aan gebied.



Jense vertoon deur sy eienaar Erika Wernich het die Dames Siertuig gewen tydens die Overberg Trekperd Kampioenskappe.




*PERDEBALLET. Mnr Amos Charles laat die Friesperdhings Jense sy passies maak op die Overbergse trekperdskou. Die spesiale vertoning op die maat van Vangelis se bekende temamusiek uit die fliek 1492: Conquest of Paradise gedoen en het 'n hele paar toeskouers 'n traan laat pink. Jense is 'n ingevoerde Hollandse perd en behoort aan me. Erika Wernich van die Ikahan Quistador-stoetery van Glentana. Die skou is die eerste naweek in Februarie op Bredasdorp aangebied en trekperdrasse, onder meer Friese, Vlame, Walliese Ponies en Saalperde, het oor drie dae in 100 klasse meegeding: Van vertoonklasse en dubbeltuie tot 'n blootsry-klas op galop en 'n kampioenspan van agt wat 'n befaamde Kaapse draai gooi. Vir 'n video van die hoogtepunte, besoek Landbou.com (https://goo.gl/snx15j)*

*Foto: Heléne Booyens*

*Uit Landbouweekblad 16 Februarie 2018*

'n Woord van dank aan Landbouweekblad vir die blootstelling wat hul die Friesperde gedurig deur in hul tydskrif gee en aan Heléne Booyens, wat die skou op Bredasdorp bygewoon het en op 'n gereelde basis ons argief aanvul met ou skoufoto's en artikels wat gepubliseer is in Landbouweekblad.




Senior Kampioen in die enkeltuig op die Overberg Trekperd Kampioenskappe is Imhoff Thor, Eienaar vertoner Pieter Loubser. Thor was ook die Junior Kampioen in die enkeltuig op die Noordkaap Trekperd Kampioenskappe.




Die Grootkampioen Dubbeltuig tydens die Overberg Trekperd Kampioenskappe, Jorami Eager & Jorami Diesel, Eienaar en Vertoner Pienaar Steenkamp.

Na Bredasdorp was dit Victoria Wes Landbouskou, maar ongelukkig het ek geen terugvoering van die skou gekry om hier te deel nie. Die week daarna het Hopetown gasheer gespeel vir van ons lede wat volgens die deelnemers 'n baie lekker skou was, met 'n pragtige baan en baie toeskouers.



Pienaar Steenkamp vertoon sy perd Jorami Eager, die Junior- en Grootkampioen in die Enkeltuig op Hopetown Landbouskou wat ook die Junior Kampioen in die Enkeltuig tydens die Overberg Trekperd Kampioenskappe was.



Die Senior Kampioen Hings aan die hand op Hopetown Landbouskou Noordhoek Tokkelos is deur Booi Tromp vertoon vir die Noordhoek Stoet.



Noordhoek Toks, hier vertoon deur Marlize Louw, was op Hopetown Landbouskou Junior Kampioen in Driegang asook in die Siertuig, beide die prestasies het hy tydens die Noordkaap Trekperd Kampioenskappe op Williston herhaal. Toks is die eiendom van die Noordhoek stoet.



Die Senior Kampioen Merrie aan die hand op Hopetown skou was Jorami Tsienke, Eienaar Vertoner Johnny Moore




Die Groot Kampioen in die Siertuig op Hopetown Landbou skou, Perdeprag Lukas, vertoon deur Manie Bekker vir sy eienaar GP Du Preez.




Die Kampioen paar perde in die Dubbeltuig op Hopetown Skou,  Lorima Weibrun en Tsien Fan Gaasterlans is deur hul eienaar Johnny Moore vertoon.




Dries 421 in 'n vertoning tydens die Hopetown skou, hy is die eiendom van Celeste Steyen.




Die Senior Kampioen in die Driegang op Hopetown Landbou Skou was Noordhoek Eagle, Eienaar vertoner Johnny Moore. Eagle was ook die Reserwe Senior Kampioen in die Siertuig

Die week na Hopetown het Williston Landbouskou die Noordkaap Trekperd Kampioenskappe aangebied, waar ons Friese weer saam met die Vlame om die titels meegeding het. Dit was soos in die verlede 'n skou waar vertoners lekker kon saam kuier en skou, gevul met Karoo-gasvryheid en ondersteuning om die baan van die hele gemeenskap en besoekers van die omliggende dorpe.




Junior Kampioen in die Dubbeltuig op beide Overberg- en Noordkaap Trekperd Kampioenskappe, Imhoff Theodore & Vlakfontein Jotham, Eienaar vertoner Pieter Loubser.



Groot Kampioen in die Dubbeltuig tydens die Noordkaap Trekperd Kampioenskappe was Imhoff Thor & Vlakfontein Lorenz, Eienaar en Vertoner: Pieter Loubser ( *Foto deur: Guillaume Boltman* )

Ek bedank graag die bestuurslede van die sogenaamde kleiner skoue wat keer op keer 'n lekker skou reël en doen 'n beroep op ons lede om die kleiner skou in jou omgewing te ondersteun, hul pawiljoene is vol en die skare lewendig en vol waardering vir die vertoning wat voor hul afspeel.

## Skoureëls

Die nuwe skoureëlboekie in kolomformaat is klaar gedruk en beskikbaar by die kantoor teen R20 per boekie, kontak vir Elna Lotter by die kantoor vir bestellings. Die reëls in kolomformaat is ook op die webblad beskikbaar. Die volledige skoureëls sal ook binnekort op die webblad wees. 'n Woord van dank aan Johnny Moore en Riaan van der Merwe vir die saamstel van die reëlboekie.

Daar is steeds onduidelikheid by baie van die lede rondom KRUIS INSKRYWINGS en die op-skou van Junior perde.

Daar is drie tipes kruisinskrywings:

1. Tussen Enkeltuig en Siertuig
2. Universeel en Tradisioneel
3. Tussen Driegang Plesierperd en Driegang Tradisioneel

Eerstens moet ek meld die volgende reëls geld slegs vir die duur van 'n skou en perde kan op die volgende skou anders aangewend word.

Die eerste twee is redelik eenvoudig; 'n perd wat op 'n skou aan Enkeltuig deelneem mag nie vir die duur van die skou aan Siertuig deelneem nie en dieselfde anders om. Op die volgende skou mag so 'n perd wel aan Siertuig deelneem, maar vir die duur van die skou nie aan Enkeltuig deelneem nie.

'n Perd wat aan Universele enkel klasse deelneem mag vir die duur van 'n skou nie aan Tradisionele enkel klasse deelneem nie en die selfde anders om. Enkel klasse sluit slegs Driegang, Enkeltuig en Siertuig klasse in en ook kinderklasse in die afdelings. **Handklasse en meerperd trekklasse (Dubbeltuig, Tandem, Spane) uitgesluit.**

'n Perd wat aan die Driegang Plesier perd klasse deelneem mag nie aan ander Driegang klasse deelneem nie, kinder- en ruiterkuns klasse uitgesluit, en dieselfde anders om.

Die op- skou van Junior perde is 'n bietjie meer kompleks.

Handklasse- Geen perd mag in 'n klas skou as hy nie in daardie klas se ouderdom groef val nie.

Trek en Ryklasse- Vir 'n Junior perd om aan Junior kampioenskappe deel te neem moet hy in die junior klasse kwalifiseer. As 'n Junior perd aan Senior kampioenskappe wil deelneem moet hy in die kwalifiserende klasse waar die senior perde vir die kampioenskap kwalifiseer deelneem om vir die kampioenskap te kwalifiseer. 'n Junior perd mag nie aan beide die Senior en Junior Kampioenskap in 'n dissipline bv. Enkeltuig op die selfde skou deelneem nie. 'n Junior perd mag wel in verskillende dissiplines aan of Junior of Senior klasse deelneem op dieselfde skou bv.

Hy mag deelneem aan die Junior enkeltuig klas en kampioenskap, maar nie in Senior enkeltuig.

Hy mag deelneem aan 'n Senior Driegang klas en kampioenskap, maar nie aan Junior driegang klasse.

Hy mag deelneem aan 'n Junior Dubbeltuig klas en kampioenskap, maar nie saam die selfde perd as by Juniors aan Senior dubbeltuig klasse.

Hy mag deelneem aan die Senior Tandem klas en kampioenskap, maar nie saam dieselfde perd aan Junior Tandem klasse nie.

Alles op dieselfde skou:  ʼn Junior perd mag nie in dieselfde dissipline beide Junior en Senior deelneem nie.   In klasse waar meer as een perd nodig is, soos Dubbeltuig en Tandem gaan dit oor die eenheid bv. Perd A, B en C is almal onder 5 jaar. A & B mag dubbeltuig as Juniors trek, maar nie by die seniors nie.

A & C is ʼn nuwe eenheid al het A by die Juniors deel geneem mag hulle saam by die Seniors aan Dubbeltuig deelneem maar nie by die Juniors nie.

## Kalender

| | | |
|---|---|---|
| **4- 7 April 2018** | **Parys Horse and Wine** | |
| **30 April- 3 Mei 2018** | **Bloemfontein Skou** | **Johnny Moore 083 280 6206** |
| **14- 19 Mei 2018** | **Nampo** | |
| **28 Augustus- 1 September 2018** | **George Trekperd Skou** | **Morny Smit 082 854 4276** |
| **26- 29 September 2018** | **Tulbagh Skou Nasionale Kampioenskappe** | **TEL NO: 023-2300189  /  SEL NO: 0767020212** |
| **Oktober 2018** | **FPSSA Nasionale skou** | |
| **23-Nov-2018** | **Algemene Jaar Vergadering** | |

**Friesperd Streek Kampioenskappe Bloem skou**
29 April tot 4 Mei 2018

Kontak Persoon: Johnny Moore Tel 0832806206 of
Elna Lötter by die kantoor: 051-4100954 of whatsapp na 079 273 3072

**Inskrywingsgeld: R150 per klas**
**Plus R 150-00 terrein heffing & stal fooi per perd**
**Week Toegangs armbandjies R130 Volwassenes, R70 per kind, Grooms R130**
**Voertuig kaartjies A Staanplek in arena R80 en B kaartjie by stalle R60**

# BELANGRIK

Sluitingsdatum vir inskrywings is op 3 April 2018

1. **Laat inskrywings sal teen `n R100-00 boete asook die R150 inskrywingsgeld gehef word.**
3. **Fooie wat inskrywings moet vergesel.**
   Inskrywingsgeld: R 150-00 per klas. Stal fooi per perd: R 150-00
   Toegangs armbandjies R130 Volwassenes, R70 per kind, Grooms R130
   Voertuig kaartjies A Staanplek in arena R150 en B kaartjie by stalle R80
4. **Betalings moet gemaak word aan Friesian Horse Breeders Society of SA**
   Bank besonderhede
   Naam van bank: Absa
   Rekening naam: Friesperdtelersgenootskap van S A
   Rekening Nr:380720345
   Spaar rekening
   Takkode:632005
   Sit u naam en Bloemskou as verwysing op u inbetalingstrokie

***Alle besonderhede op die bankgestempelde deposito strokie moet leesbaar wees.***
***Faks asseblief die strokie tesame met u inskrywing vorm na 086 573 1021 of epos na elna@stemma.co.za***

**LET OP DIE VOLGENDE PUNTE: BETREKKING OP SKOUKLASSE:**

1. **KINDERKLASSE BO 14 JAAR BO 18 JAAR (DRIEGANG EN ENKELTUIG ASOOK LEIRIEM ONDER 8, RUITERKUNS UITGESLUIT) MAG HINGS, MERRIE OF REUN DEEL NEEM. KINDER KLASSE ONDER 14 JAAR MAG SLEGS MERRIES EN REUN PERDE TOEGELAAT WORD.**
2. **GEEN KRUIS INSKRYWINGS WORD TOEGELAAT MET ENKELTUIG EN SIERTUIG NIE.**
3. **JUNIOR PERDE MAG IN SENIOR KAMPIOENSKAPPE DEEL NEEM, MAAR SO ‘N PERD MOET IN DIE SENIOR KLAS KWALIFISEER VIR DIE KAMPIOENSKAP.**
4. **INSKRYWINGS MOET MET AFSKRIF VAN GEBOORTE OF AANTEKENING SERTIFIKAAT VERGESEL WORD.**
5. **ALLE KLASSE IS TRADISIONEEL BEHALWE AS ANDERS VERMELD**

## Nasionale Kampioenskappe 2018 Tulbagh

Tulbagh is die 4de oudste dorp in Suid- Afrika, ʼn pragtige dorpie geleë tussen die Witzenberge in ʼn deel bekend as die Land van Waveren met fantastiese ou Kaap Hollandse argitektuur. Oor die jare heen het Tulbagh skou bekendheid verwerf vir sy vol perdeprogram en kompeterende kampioenskappe die Saterdag van die skou. Besoekers kom van ver na die skou om die perdekampioenskappe te kyk en te ondersteun, voorwaar ʼn belewenis vir enige perdevertoner om voor so ʼn groot ondersteunende skare te kan meeding.

Die eerste Nasionale Kampioenskap skou van ons genootskap is in 1984 op Tulbagh aangebied. Van 26 tot 29 September 2018 sal Tulbagh skou vir die 29ste maal gasheer wees vir ons 35ste Nasionale Kampioenskappe. Dit beloof om ʼn groot skou te wees, aangesien Tulbagh skou ook die Hackney ponies se nasionale kampioenskappe vanjaar aanbied.

Die bestuur van Tulbagh skou en die mense van die dorp het ons nog altyd met ope arms ontvang. Ek nooi alle lede uit hom hierdie skou en ons Nasionale kampioenskappe by te woon. Kom ervaar Bolandse gasvryheid tussen wynlande en die blou berge wat die dorp omring.

Maak asseblief seker van die vereistes en proses rakende Afrika Perde Siekte om perde na die area te vervoer. Laat u perde vroegtydig ent as hul nie alreeds geënt is nie en maak seker u paspoorte het die regte diagram en is op datum gebring deur ʼn veearts. Die nuusbrief sluit ʼn uiteensetting van alles wat u behoort te weet in.

Ek heg ook ʼn lys van verblyfopsies in Tulbagh aan. Daar is ook beperkte kampeerplek op die skougronde beskikbaar, kontak asseblief die skoukantoor so gou moontlik om jou staanplek te verseker TEL NO: 023-2300189 / SEL NO: 0767020212 U kan ook met ander navrae die skou by die nommers kontak.

Die program en inskrywings vorms behoort in die volgende nuusbrief te wees.
Doen u beplanning, oefen u perde en kom wees deel van die 35ste Nasionale Kampioenskappe

TULBAGH SKOUVERENIGING
**145**

# TULBAGH SKOUVERENIGING

Posbus 96 / TULBAGH / 6820
TEL NO: 023-2300189 / SEL NO: 0767020212 / FAKS: 023-2301495

E-mail adres: tulbaghskou@telkomsa.net

**BANKBESONDERHEDE:**
**ABSA: REKENINGNOMMER: 4085349053: BANKKODE: 632005**
**NEDBANK: REKENINGNOMMER: 1068950706: BANKKODE: 122110**

28 Februarie 2018

SA FRIESPERD TELERSGENOOTSKAP

AANDAG: ALLE LEDE

**TULBAGH SKOU: 2018**

Hiermee wil ons graag alle Friesperd Telersgenootskap lede uitnooi om die SA Friesperd Kampioenskappe by te woon wat die jaar gaan plaasvind vanaf 26 – 29 September 2018.

Die uwe

PRESIDENT
CHRIS ORFFER
082 595 1263


**TULBAGH**
**ACCOMMODATION**

| IN TOWN | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **60 on Main** | SC | Leon / Estie | 023 230 1855<br>082 875 5857 | R500 Single<br>R800 per night per cottage/sleeps 2 | tulbaghbande@wol.co.za |
| **African Tulip Guest House** | BB | Elise | 081 849 2811 | From 980 –R1190 p/room incl. breakfast from 1st sept 2017. | info@africantulip.co.za<br>www.africantulip.co.za |
| **Bain's Barn** | BB | Catherine | 023 230 0071 | R1400 p/n | reservations@tulbaghhotel.co.za<br>www.tulbaghhotel.co.za |
| **Bergsicht Country Cottages – Town Units: Ixia & Disa** | SC | Aneretha / Marileze | 023 230 0616<br>079 435 2124 | R 600-00 for single person<br>R 800-00 for 2 persons<br>R 1000-00 for 4 persons | info@bergsicht.co.za |
| **Big Sky Villa** | SC | Elaine / Nelia | 064 6864 888<br>082 899 2248 | House sleeps up to 16 people<br>R4 800 p/night for whole house | villabigsky@gmail.com<br>www.bigskyvilla.co.za |
| **Buena Vista Guest House** | BB | Berend / Rita | 082 450 7001<br>082 746 0915 | From R350 pp | berendkrijgsman@yahoo.com |
| **Cape Dutch Quarters** | BB<br>SC | Jackie / Jayson | 023 230 1171<br>079 051 2059 | R400 – R750 pp s BB / R800 – R4000 p/house | info@cdq.co.za<br>www.cdq.co.za |
| **Citrus Flat** | SC | Phil | 072 239 1423 | R575 p/n for 2 people | philipgerard02@gmail.com |
| **EpiStay** | BB | Nick | 023 230 1819<br>074 801 5897 | Sleeps 4 - R350 p/p for 2– There after R200 per person | reservations@epistay.com<br>www.epistay.com |
| **Green House** | SC | Elsabe | 072 256 2197 | From R700 for 2 people | peroldelsabe4@gmail.com<br>www.greenhouseaccommodation.blogspot.com |
| **GreenHouse Hostel Accommodation** | BB | Camilla | 072 462 9397 | From R200 per person | greenhousetulbagh@gmail.com<br>www.greenhouseaccommodation.com |
| **HomeAway** | SC | Devon | 083 295 6939 | From R 450 Single<br>from R 700 Couple or 2 singles<br>from R 850 Couple + 3rd person<br>from R1 000 Family<br>Main House R1200 – R200 p/n Sleeps 6/8 | homeawaytulbagh@gmail.com<br>www.cheznous-wendy.blogspot.com |
| **Nuwerus** | SC | Hannelie | 023 230 2844<br>083 279 7964 | R300 per person | nuwerus@gmail.com |
| **Tulbagh Boutique Heritage Hotel ****** | BB<br>SC | Heidi / Liana | 023 2300 071 | From R1400 – R2000 p/r | reservations@tulbaghhotel.co.za<br>www.tulbaghhotel.co.za |
| **Tulbagh Stay – Budget Acc.** | | Gavin | 074 062 7462 | R150.00pppn own linen or R200pppn linen provided. No Breakfast.<br>Caravan, sleeps 4 - R100pppn | stay@tulbagh.today<br>www.tulbaghstay.co.za |
| **Wittedrift BB** | BB | PJ / Carol | 082 970 3703 | From R500 per person | info@wittedriftmanorhouse.com<br>www.wittedriftmanorhouse.com |
| **Witzenberg Country Inn** | BB | Retha | 023 230 0159 | From R400 pp sharing Single: R430 – R480<br>Family room: R900 p/n – for 2 adults and 1 child, 2nd child R150 extra | witzberg@mweb.co.za<br>www.witzenbergcountryinn.co.za |


| OUT OF TOWN | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Bergsicht Country Cottages – Farm units** | SC | Aneretha/ Marileze | 023 230 0616<br>079 435 2124 | Sunburst from R1000-00 p/n (1-6 pax)<br>Ruby Star from R1000-00 p/n (1-4 pax)<br>African Delight from R800-00 p/n (1-3 pax)<br>Lady Red from R 800-00 p/n (1-2 pax)<br>Angelino from R 800-00 p/n (1-2 pax) | info@bergsicht.co.za |
| **By Oude Tol** | SC | Hadi | 023 230 1865<br>084 440 1867 | From R500 for 2 people | hadi@breede.co.za |
| **De Hoop Farm Cottages** | SC | Elaine | 023 347 8497<br>082 562 7234 | From R640 – R1 035 p/c per night | elaine@breede.co.za<br>www.dehoopfarmcottages.co.za |
| **Dream Catcher** | SC | Maria | 023 230 1177 | R250 p/p | tulbagh.dreamcatcher@gmail.com<br>www.dreamcatcher-tulbagh.com |
| **Druk My Niet** | SC | Peter | 082 955 3107 | | info@dmnstud@gmail.com |
| **Eikelaan** | SC | Lynette & Fanie | 083 270 4742<br>083 700 3376 | From **R750**– One bedroomed cottage<br>**R1 350** – Two bedroomed cottage<br>**R400** – Single occupancy | lynette@eikelaan.com<br>www.eikelaan.com |
| **Essere Lodge** | BB | Allison | 064 651 2279 | From R700 p/p p/night | info@esserelodge.co.za<br>www.esserelodge.co.za |
| **Fraaigelegen Farm (Caravan & Camping)** | SC | Venishree / Juergen | 071 404 2766 | From R950 p/n per cottage<br>From R120 p/p camping | fraaigelegenfarm@gmail.com<br>www.fraaigelegenfarm.co.za |
| **Groote Vallei** | SC | Fi & John | 023 230 0660<br>082 633 3095 | From<br>R600 p/c | johnfi@wol.co.za |
| **Guinevere Guest Farm** | SC | Carly | 023 004 0149<br>082 255 0065 | From R250 p/p – SC for groups of 10 & more | info@guineveregueststfarm.com<br>www.guineveregueststfarm.com |
| **Kloofzicht Estate Loft & Cottages** | SC | Lynne | 023 230 1742<br>082 575 6547 | From<br>R342 p/p | bookings@kloofzichtestate.co.za<br>www.kloofzichtestate.co.za |
| **La Bruyere Farm** | SC | Jenny | 023 230 0808<br>083 702 3575 | R600 p/n for 2 people, R800 p/n for 4, R900 p/n for 5; R1000 p/n for 6 people | info@labruyerefarm.com<br>www.labruyerefarm.com |
| **Lemberg** | SC | Suzette | 021 300 1130<br>082 749 7585 | 1 night @ R800.00/night<br>2 nights @ R750.00/night<br>3 nights or more @ R700.00/night | suzette@lemberg.co.za<br>www.lemberg.co.za |
| **Manley Wine Lodge** | BB | | 023 230 0582<br>083 345 4244 | R550 p/p<br>R700 Single | reception@manleywinelodge.co.za<br>www.manleywinelodge.co.za |
| **Milkshed Cottage** | SC | Adele | 023 230 1230<br>082 577 6801 | From Adults : R350.00 p/p<br>Child : R165- R65.00 p/c (depend on age) | diemelkstal@obiekwa.co.za<br>www.themilkshed.com |
| **Mont Rouge** | SC | Marisha | 023 230 0417<br>072 461 2123 | R250 p/p<br>R100 p/child | marisha@montrouge.co.za |
| **Raptor Rise** | SC | Sarah / Averil | 078 599 8191<br>083 261 2863 | *Double rooms from R350.00 – R450.00 per person per night sharing<br>*Single rooms from R400.00 – R550.00 per room per night<br>*8 sleeper cottage from R1 400.00 – | info@raptorrise.co.za<br>www.raptorrise.co.za |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | R1600.00 per unit covering 4 guests per night. Extra guests charged from R350.00-R400.00 per person per night extra<br>*Family apartment from R1400.00-R1600.00 per unit per night sleeping 4 guests<br>*suites from R400-R500 per person per night sharing. **All rates are self-catering** | |
| **Reflections Guest Farm** | SC | Carmen | 083 252 6426 | From R650 p/c per night | ceotgaar@mweb.co.za<br>www.reflectionsguestfarm.com |
| ****<br>**Rijk's Country House** | BB | Trevor | 023 230 1006 | Call for best available rate | reservations@rijkscountryhouse.co.za<br>www.rijkscountryhouse.co.za |
| **Oudekloof Guest Farm** | BB<br>SC | Andrew | 082 440 9459 | Cottages: R 775 – R 975 per unit per night<br>Sunbird House: R 1650.00 per night | info@oudekloofwineestate.co.za<br>www.oudekloofwineestate.com |
| **Saronsberg Vineyard Cottages** | SC | Marica | 023 004 0435 | From R800 per unit | relax@saronsberg.com |
| **Schalkenbosch** | SC | Jill | 023 230 0654 | From<br>R600 p/c | info@schalkenbosch.co.za<br>www.schalkenbosch.co.za |
| **Secret Falls (+4x4 & Camping)** | SC | Nadia & Marc Lüdi | 021 975 1421<br>082 393 4704 | R800 p/c per night<br>Bookings are essential | secretfalls@mweb.co.za<br>www.secret-falls-tulbagh.com |
| **Silwerfontein** | SC | Veronica / Karin | 079 500 1906 | From R180 p/p<br>2 Day hike R175 p/p | info@silwerfontein.co.za<br>www.silwerfontein.co.za |
| **Strath Breede House** | SC | Wena-Mare | 023 231 0936<br>084 582 3232 | R2 000 for 4 adults per night<br>ALL additional adults R450 per night | wenamare@breede.co.za<br>www.mooiplaasrivercottage.co.za |
| **Themika Guest Farm** | SC | Douglas | 078 472 0934 | 2x 2 bedroom cottages: R1150 – R1300 | wiz-tech@hotmail.com<br>www.themika.com |
| **Tulbagh Mountain Manor** | BB | Mirna Rabe | 082 411 5850 | From R1200 for 2 people | tulbaghmanor@breede.co.za<br>www.tulbaghmountainmanor.com |
| **Vindoux Tree House Guest Farm & Spa** | SC<br>BB | Henro-lene / Irene | 023 230 0635<br>079 923 9327<br>082 404 7778 | **Winter Rates:01.05.2017-30.09.2017**<br>**SC Cottages** – R750-00 for 2 persons sharing & R150-00 per child u/12<br>De-Luxe SC Cottages-R800-00 for 2 persons sharing & R150-00 per child u/12<br>**Tree houses** – R1650 p/TH- 2 pax– BB(No Children)Add R200-00 per night for Honeymoon Tree House<br>**Family Tree Lodge** From R2000 (4)-SC (min stay of 2 nights-weekends)<br>Bicycle Hire @ R150-00pp for ½ day | vindouxfarm@gmail.com<br>www.vindoux.com |
| **Wild Olive Farm** | SC | Terry | 0236 230 1160<br>083 728 6008 | **2-bedroom cottage** - R750.00 per night<br>**3-bedroom cottage** – R950.00 per night<br>(minimum 2-night stay) | reservations@wildolivefarm.com<br>www.wildolivefarm.com |
| **Witzenberg Guest Farm** | SC | Melt Laubcher | 023 231 1003<br>082 922 8956 | From R680 per unit | info@witzenbergguestfarm.co.za<br>www.witzenbergguestfarm.co.za |


# Vervoer van perde na Tulbagh



Tulbagh is geleë in die Afrika Perde Siek “Protection Zone“ dus moet n perd wat daarheen vervoer word ’n geldige paspoort hê. Maak asseblief seker dat die paspoort die regte diagram met die perd se tekening in het.





**Verkeerde Diagram**




**Korekte Diagram**

Die diagram moet deur ’n veearts voltooi wees en sy stempel op hê.

Alle Perde moet teen Afrika Perde Siek ingeënt wees en deur die veearts in paspoort aangebring wees soos op foto wat volg.


10

**VACCINATIONS AGAINST AFRICAN HORSE SICKNESS**


In accordance with the state legislation, every vaccination which the horse undergoes must be entered clearly and in detail on this sheet in the space provided below:

| DATE OF VACCINATION (D D M M Y Y) | TYPE, NAME AND BATCH No. OF VACCINE | NAME AND ADDRESS OF VETERINARIAN (PLEASE PRINT) | SIGNATURE OF VETERINARIAN |
|---|---|---|---|
| 04/03/2009 | AHS 1 178 | Wessels, Dr G J | SAIEC PASSPORT DEPT |
| 25/03/2009 | AHS 2 215 | Wessels, Dr G J | SAIEC PASSPORT DEPT |
| 12·2·2010 | AHS I 183 | Dr. L. Naudé Veearts | [signature] |
| 06·03·2010 | AHS II 220 | Malmesbury | [signature] |
| 1.3.2011 | AHS I 187 | DR. LOUIS NAUDE MALMESBURY 083 236 4376 | [signature] |
| 23.3.2011 | AHS II 226 | | [signature] |
| 05·01·2013 | AHS I 103 | DR. LOUIS NAUDE MALMESBURY 083 236 4376 | [signature] |
| 29·01·2013 | AHS II 236 | | [signature] |
| 30·12·2014 | AHS I 111 | DR. LOUIS NAUDE MALMESBURY 083 236 4376 | [signature] |
| 27·01·2015 | AHS II 243 | | [signature] |
| 05·10·15 | AHS I 127 | DR. LOUIS NAUDE MALMESBURY 083 236 4376 | [signature] |
| 30·10·15 | AHS II 253 | | [signature] |
| 04-10-16 | " I 133 | DR. LOUIS NAUDE MALMESBURY 083 236 4376 | [signature] |
| 30-10-16 | " II 259 | | [signature] |
| 10·10·17 | " I 1371 | DR. LOUIS NAUDE MALMESBURY 083 236 4376 | [signature] |
| 31·10·17 | " II 263 | | [signature] |

Continued

**Perde moet meer as 40dae voor vertrek na Tulbagh ge-ent wees en minder as 24 maande** vanaf datum van terug keer vanaf Tulbagh.

Als wat bo genoem is, is die eienaar van die perd se verantwoordelikheid. Verder is dit die eienaar se verantwoordelikheid om die perde 48 uur voor vertrek na Tulbagh te laat ondersoek deur 'n veearts, die veearts moet die bladsy vir movement binne die perd se paspoort invul en teken soos foto wat volg.


**HEALTH CERTIFICATE FOR MOVEMENT**

I, the undersigned, inspected this registered horse and certify that it:
1. showed no clinical signs of disease,
2. has not been in contact during the last 15 days (as far as can be ascertained) with other equidae suffering from an infectious or contagious disease,
3. does not originate from an area where veterinary restrictions pertaining to diseases communicable to equidae are in force and does not come from a holding under veterinary restrictions,
4. does not come from a holding where there is has been a case of African horse sickness during the past 60 days,
5. originates from a holding in, either;
   the **African horse sickness infected area** or **African horse sickness protection zone** and was vaccinated against African horse sickness by a veterinarian using a registered polyvalent African horse sickness vaccine as prescribed by the vaccine manufacturer at least 60 days, and not more than 24 months, prior to movement,
   or
   **the African horse sickness surveillance zone** and was not vaccinated against African horse sickness during the past 60 days.


Furthermore, I undertake to pre-notify the State Veterinarian: Boland of the movement of this horse

*NB. Movement must commence within 48 hours of signature of this certificate by your veterinarian*

| ORIGIN | | | DESTINATION | | | DATE EXAM-INED | NAME AND ADDRESS OF CERTIFYING VETERINARIAN | SIGNATURE OF CERTIFYING VETERINARIAN |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Date of Departure | District | Holding | Date of Arrival | District | Holding | | | |
| 1·10·11 | Tulbagh | Skou | 1·10·11 | Malmesbury | Le Grange | 1·10·11 | DR. LOUIS NAUDE MALMESBURY 083 236 4376 | [signature] |
| 3/5/12 | Bfln | Skou | 4/5/12 | Malmesbury | Le Grange | 3/5/12 | Prospects Dierekliniek Dr. G. E. Marais (BVSc) 082 852 4802 Nico vd Merwestraat 59 Bonniesig | [signature] |
| 21·9·13 | Tulbagh | Skou | 21·9·13 | Malmesbury | " | 21·9·13 | DR. LOUIS NAUDE MALMESBURY 083 236 4376 | [signature] |
| 04·10·14 | " | " | 04·10·14 | " | " | 03·10·14 | | [signature] |
| 3·10·15 | " | " | 3·10·15 | " | " | 3·10·15 | DR. LOUIS NAUDE MALMESBURY 083 236 4376 | [signature] |

Die veearts moet dan die aangehegte vorms invul en saam 'n verklaring van u area se staatsveearts dat die area Afrika Perde Siektes vry is epos na move@myhorse.org.za as u in die Rooi zone op aangehegte kaart geleë is. Vir die van u wat in die groen of blou sone geleë is, volg dieselfde proses

en epos na prenote@myhorse.org.za  Dit is baie belangrik dat die vorms reeds 24 uur voor u vertrek ge-epos word en nie die dag van vertrek nie.




Indien enige iemand verder vrae het of onseker is oor iets laat u veearts vir  Danal Pienaar of

Dr Camila Weyer kontak

Danal Pienaar

(082) 936 3604

Dr.  Camila Weyer

(076) 152 2782

**MOVEMENT (PERMIT) APPLICATION**

Please complete all* sections in full and return to : move@myhorse.org.za

*Section 6: Stop Over Quarantine: Only if relevant – contact info@myhorse.org.za for enquiries as to the stop-over quarantine requirements that might be pertinent for your movement application

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Horse details | Name of Horse | | | | |
| | | Microchip number | | | | |
| | | Passport number | | | | |
| 2 | AHS Vaccinations | AHS 1 Vaccination | Date | | Batch | |
| | | AHS 2 Vaccination | Date | | Batch | |
| | | Name and contact number of administrating vet | | | | |
| 3 | Permanent Holding of Origin | Name | | | | |
| | | Physical Address | | | | |
| | | Duration of resident stabling (months) | | | | |
| | | GPS coordinates | | | | |
| | | Date of departure | | | | |
| 4 | Movement reason | Reason for Movement Application | | | | |
| 5 | Holding of Destination | Name | | | | |
| | | Physical Address | | | | |
| | | GPS Coordinates | | | | |
| | | Contact name and number at Destination | | | | |
| | | Date of arrival | | | | |
| | | Estimated period of residence at Destination | | | | |
| 6 | Stop-over quarantine | Stop Over Quarantine Holding Name | | | | |
| | | Arrival date | | | | |
| | | Intended Departure date | | | | |
| 7 | Health Certification – Private veterinarian | Private Veterinarian name | | | | |
| | | Contact details | | | | |
| | | Date of examination of the horse for the Health Certificate | | | | |
| 8 | Horse Transporter | Name of company/private transporter | | | | |
| 9 | Relevant State Veterinarian at origin | Name of State Veterinarian | | | | |
| | | Contact details | | | | |
| 10 | Submitter (Person to make permit out to) | Name | | | | |
| | | Contact details | | | | |
| | | Signed by and dated | | | | |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Holding of Origin (infected zone) | | | | | | |
| GPS (Dec deg) | | | | Duration of residence | | Permanent |
| Holding of Destination (Controlled area | | | | | | |
| GPS (Dec deg) | | | | | | |
| Date /Departure: | | Date of Health Cert | | | Date of Arrival | |
| Transporter | | Vet responsible for cert | | | Contact No | |
| Submitter (person permit must go to) | | Email | | | Contact No | |
| Passport Number | Horse Name | AHS 1 Batch | AHS 1 date | AHS 2 batch | AHS 2 date | Vet responsible for vacc |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

## Brokkies

Groot was my verbasing toe ek in die gesig vasloop op die onlangse Williston skou, die wa het behoort aan die sogenaamde "Vader van die Friesperd in Suid- Afrika" wyle Ben Mostert van Moorreesburg wat in 1957 die eerste keer na 1906 se invoer weer Friesperde van Nederland na Suid-Afrika ingevoer het.

Die wa behoort nou aan die Mostert broers van Springbok, vir hulle is die wa deel van die Suid-Afrikaanse trekperd geskiedenis en dit dan die rede waarom die "Ou Meester" se naam steeds op die wa kis pronk







Mia Loubser (3jaar) op die rug van Opkyk LJ, het aan die Leiriem klas deel geneem tydens die Overberg Trekperd Kampioenskappe. Die foto spreek boekdele van die genot wat 'n kind uit perde put en die pragtige temprament van ons perde.



2017 met Bloemfontein skou het ons reeds die Vrydag aand voor die skou afgelaai, omdat die skou gronde nog met Saalperde gewemel het, het ek my perde saam met my beeste in die bees stalle laat slaap.

## **Afsluiting**.

Ek doen ŉ beroep op u as lid om enige iets nuuswaardig vir my aan te stuur: skou uitslae, foto's, wat vermag Friesperde in ander perde sport soorte buite die skouring, ŉ foto en beskrywing vir die brokkies segment, ŉ uitnodiging na skoue of ander gebeure, selfs ŉ artikel uit ŉ ander publikasie, enige geleentheid wat lede van moet kennis neem, alle inligting is welkom. Ek kan nie altyd by alle gebeure wees nie en vra die lede wat wel by ŉ geleentheid is, om my op hoogte te hou. Kom ons vat hande en maak ons Genootskap se nuusbrief ŉ platvorm waar inligting gedeel en bekom word.

Stuur asseblief inligting en stories na **vanimhoffstud@gmail.com**

Ek is jammer as enige iemand uitgelaat voel in hierdie nuusbrief, dit is baie vinnig met beperkte bronne en inligting aanmekaar geslaan. Daar is nog ŉ vol program vir die jaar wat voorlê, deel dit asseblief met my. Sterkte aan almal met hul voorbereidings en reëlings vir die skoue en gebeure in die verskillende dissiplines wat nog voorlê.

Vriendelike groete

Pieter Loubser